# Grow Glow Go Finaal

## <u>Grow / groei</u>

**Alles in lewe groei. Ons moet groei - liggaam, siel en gees - soos God te wees. Die baba is baie oulik, maar as hy nie groei nie, is dit nie oulik nie. Jy is geskape om soos God te wees. Jou kind is nie gebore om 'n slaaf vir God te wees nie, maar om in fellowship met Hom te wees. Daarom moet ons as mens ook in die kerk groei en nie in die wêreld nie. In die kerk - in die gemeenskap is waar groei plaasvind. Die mense is die kerk.   God plaas jou in 'n kerk,**

**Jy is geskape om:**

- **Soos God te wees,**
- **God te hoor, te sien en te beleef**
- **Saam God te wandel -  "fellowship"**
- **'n Plek te wees waar die Heilige Gees  woon**
- **God te verteenwoordig te wees (Om te Heers)**

**Ons leer in die kerk hoe om te groei en om die bogenoemde te kan doen.**

***1 Joh 2:12-13***

***Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sondes vergewe is in die Naam van Jesus. Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het.***

**Die vers verduidelik geestelik groei. Besef wie jy is - jy is die regverdige van God. Kind van God. God wil hê dat daar ontwikkeling en groei in jou lewe moet plaas vind. Ja jou sonde is vergewe, maar daar moet iets anders ook gebeur. Jy moet groei sodat jy die bose kan oorwin. 'N baba kan nie die bose oorwin nie. Groei is belangrik. Jy moet kan 'nee' sê. Jesus het dissipels gemaak - ons moet ook groei op so 'n manier dat ons ander mense kan leer van God.**

***1 Joh 2:14***
***Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.***

**Die klem hier in die vers lê op 'ken'. Die jongmense ken die woord van God. Daar het groei plaas gevind. Hulle is nie meer 'n babatjie nie, maar 'n jongmens. Hulle is nou tot meer in staat - krag, verstand en vermoë. Ons kan meer doen, want groei het plaas gevind. Net so groei ons in ons kennis, verhouding en intimiteit met God. Om God te ken is vir die Here geweldig belangrik.**

## Wat leer Jesus?

**Johannes 3:3-6**
***Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.***

**A 'n babatjie gebore word is daar 'n fisiese geboorte wat plaasvind, maar daar is later ook 'n geestlike geboorte wat plaasvind. Wedergeboorte moet binne ons gebeur. Ons begin van binne af groei.**

## Waar begin dit?

**Dit begin binne in die grond. Binne in jou hart. Elke mens groei fisies, maar emosioneel ook. God wil hê ons moet ook geestlik groei. Fisiese groei gebeur automaties. Jy kan dit nie help nie. Emosionele groei gebeur wanneer mense 'n invloed het op jou emosies.**

**Dit het 'n invloed op jou lewe. Maar daar is hulp om emosioneel te kan groei (Sielkundiges). Jy kan besluit om te verander. Dis jou keuse.**

**Dieselfde beginsel is van toepassing as dit kom by geestelike groei. Dis jou keuse om Jesus te volg en wedergebore te word. Jy moet besluit om God se Woord te volg en te verander. Ons moet geestlik groei in die kerk deur om God se woord toe te laat om ons te verander van binne af.**

**<u>Glow/Gloei</u>**

**God het ons geskape om die lig te wees. God deur ons lewe werk moet ons 'connected' aan God wees. Jou keuse. Dan kan ons soos God dink. Jy moenie net glow in die gebou nie, jy moet kerk wees buite die gebou ook.**

***Fil 2:14-16 Doen alles sonder kla of teëpraat. (15) Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld (16) deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet***
***ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie.***

**Wanneer jy kla sien God dit as persoonlik teen Hom. God wil hê ons moet in hierdie chaos wêreld optree as ligdraers in die wêreld. Jesus se 'laat julle lig so skyn dat hulle julle goeie werke kan sien'. Ons moet gloei vir Christus.**

***1 Kor 2:14-16 Iemand wat lewe soos die mense van hierdie wêreld, wil nie die dinge van God se Gees hê nie, want hy <u>dink</u> dit is dom dinge. Hy kan dit nie verstaan nie omdat 'n mens dit geestelik moet verstaan. Iemand wat lewe soos die Gees van God wil hê, kan oor enige iets sê of dit reg of verkeerd is.***

**Die wêreld verander, maar jy lyk ook anderste. Ons almal moet 'connect' met die Here,**

**sodat ons Sy krag kan ontvang. Dit is jou keuse of jy gaan 'connect' aan die Here. Daai 'connect' beteken om te dink soos God, en om God se krag te gebruik.**

***1 Kor 2:16 Maar niemand anders kan sê of iemand wat lewe soos die Gees van God wil hê, reg of verkeerd is nie. In die Ou Testament is geskryf: Niemand kan verstaan wat die Here dink nie, niemand kan vir Hom sê wat Hy moet doen nie. <u>Maar ons, ons verstaan wat Christus dink</u>.***

***1Kron 16:11 Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.***

**Niemand kan verstaan wat die Here dink nie. Net so kan niemand ook vir die Here sê wat om te doen nie. Maar ons verstaan wat God dink en doen a.g.v. die Heilige Gees. In die Ou Testament kon hulle dit nie doen nie, maar ons kan dit doen. Ons het die Heilige Gees. Ons is geestlike mense. Ons is 'connected' aan God, daarom kan ons dink soos Jesus dink.**

## <u>Go / gaan</u>

**Ons is Jesus se liggaam hier op aarde. Sy hande, voete ens. Maar ons het ook 'n hart, verstand en die vermoë om God te kan hoor. Ons is die H.G. se woonplek wat mense wil aan raak in die wêreld. Ons is God se agente.**

***"The church does not have a mission, the mission has a church."***

**Van die begin af het God al 'n missie gehad. Daarna het Hy eers 'n kerk gestig. Met ander woorde, God stig 'n kerk om Sy missie te doen. God wil hê ons moet agente wees. Jesus het die produk. Dus so moet ons ook uitgaan en agente wees vir God wat mense vertel van Jesus.**

**<u>Voorbeeld uit die Bybel uit:</u>**

***Jeremia 29:4-7***
***So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel, aan al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel in ballingskap weggevoer het: (5) Bou huise en woon, en plant tuine***

***aan en eet die vrugte daarvan; (6) neem vroue en verwek seuns en dogters, en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar; en vermenigvuldig daar, en moenie verminder nie***

**God se volk het in Jerusalem gebly. Die stad was bekend as 'n stad van vrede. Maar daar het n ding met hulle gebeur. In die jaar 597 voor Christus het die Babiloniërs Jerusalem ingevaar en hulle gevange geneem . Die Here haal hulle daar uit Jerusalm uit. Die volk van God is uit n plek van vrede, gemak en voorsiening uitgeem na 'n plek van chaos, onbekendhêid en ongeloof. Die volk van God moes in Babilon saam gebid het. Ons as kerk moet ook saam bid.**

## <u>Hoe kan ek vrede maak in my Babilon?</u>

- **Bid tot die Here**

**Jeremia 29:7 en soek die <u>vrede</u> van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.**

- **Luister en Hoor:**

***Jak 1:19 My geliefde broers en susters, wees altyd gou om te luister, nie te gou om te praat nie, en nie te gou om kwaad te word nie.***

- **Hoop praat :**

***1 Kor 14:3 Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos.***

- **Leef liefde uit:**

***1 Kor 13:4-7 (4) Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. (5) Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie,is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. (6) Dit verbly hom nie oor onreg nie,maar verheug hom oor die waarheid. (7) Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.***

## GROW, GLOW, GLOW

**God wil hê ons moet groei. God sit ons in ‘n land - plant ons in Suid-Afrika - sodat ons vrede kan bring, die lig kan wees en uit te gaan en mense gaan vertel van Jesus . Dis ons die kerk wat dit moet doen. Ons as ‘n gemeente moet uitgaan saam bid en die verskil moet maak. Daarom, is I’ll be the difference vir ons gemeente belangrik. Ons maak ‘n verskil in ons gemeenskap om papiere op te tel en te bid vir ons dorp. Met die krag van die Heilige Gees het ons die vermoë om soos God te wees, te dink soos God en te heers soos God.**